

28 Mei

Hebreërs 10:19-25, (Teks: 10:19-21)

God se deur staan vir ons oop

God se deur staan (by wyse van spreke) altyd vir ons oop. Ons kan enige tyd na Hom toe gaan, want Hy is altyd vir ons beskikbaar.

Dat dit so is, is net genade. Ons verdien dit nie. Na regte moet die Here ons, elke keer as ons na Hom toe gaan, wegjaag of uitdelg. Die rede hiervoor is ons sonde wat dit eintlik onmoontlik maak om in God se teenwoordigheid te kom.

Iets hiervan vind ons in die Ou Testament waar die volk Israel nie in die Allerheiligste kon ingaan nie. Daar moes elke keer eers offers gebring word om omgang met God moontlik te maak.

As Hoëpriester het Jesus Christus dié volmaakte offer gebring en deur dié offer, die liggaam en bloed van Christus, het ons vrye toegang tot God. Deur die bloed van Christus is al ons sondes afgewas. Daar is niks meer wat ons kan keer om na God toe te gaan nie. Selfs die voorhangsel wat vroeër gekeer het, kan nou nie meer keer nie. Dit is met Christus se liggaam aan die kruis geskeur en so is die pad na God toe vir ons oopgemaak.

Selfs al is ons in hierdie lewe nog onvolmaak, kan ons steeds met vrymoedigheid na God gaan. Die rede hiervoor is dat ons Hoëpriester, Christus, in die hemel is. Daar tree Hy vir ons in en gee aan ons vrye toegang tot God.

Vrye toegang tot God is aan u gegee. **Wat maak u daarmee? Hoe is die band tussen u en God?**

Sing: Psalm 84:1,2

Ds. J.L. van der Schyff (Petrusburg)